


## Soos Amarula vir die gees



Fiksie

Death on the Limpopo

Sally Andrew

UMUZI, R260

Praat van 'n wenresep! Sally Andrew het met haar debuut, *Recipes for Love and Murder*, die toneel met mening getref.

Hier het sy haar staal gewys met 'n uniek Suid-Afrikaanse aanslag tot die cozy-genre, veral bekend gemaak deur die meesterlike Agatha Christie.

Die klassieke cozy, 'n sagter tipe misdaadver telling waar die speurder gewoonlik 'n gewone persoon of amateur is, waar die ruimtes grootliks landelik, en die skuldiges aan die slagoffers bekend is, word ook gekenmerk deur gelukkige eindes en duidelike oplossings. Daar is 'n uiteindelijke gevoel van hoop en moontlikheid, geloof in die goedheid van die mens, en die uitkyk dat misdaad eerder 'n geval van vrot appels is as 'n sistemiese, diepgaande kwessie wat almal in die samelewing raak.

Letterkundige warmsjokolade met net 'n knippie sout om die geure uit te bring.

Wat Andrew se debuut so opwindend maak – en ook 'n topverkoper plaaslik en 'n wyd vertaalde titel oorsee – is hoe sy die uitsonderlike Suid-Afrikaanse landskap, warmte van die mense, en ons koskultuur en liefde vir kuier verweef het met 'n bekendstelling aan 'n onvergeetlike protagonis, die troostannie met 'n hart van goud en gesmelte botter, Tannie Maria van Harten.

Nes Alexander McCall Smith se Mma Precious Ramotswe word Tannie Maria 'n simbool van hoop en samehorigheid in 'n klein gemeenskap, in haar geval in die Karoo. Andrew se tweede misdaadroman, *Tannie Maria and the Satanic Mechanic*, het 'n heelwat donkerder aanslag suksesvol omarm, deels ook omdat die eie trauma van Tannie Maria ontgin is tesame met die trauma van 'n verskeidenheid ander karakters.

Albei boeke bied hope humor, deernis, teerheid en 'n diepe belangstelling in die kompleksiteit van skynbaar eenvoudige menslike behoeftes vir lesers aan. Letterkundige warmsjokolade met net 'n knippie sout om die geure uit te bring.

*Death on the Limpopo* is vir my verreweg Andrew se beste roman. Die prosa self is sekuur, die atmosfeer gemaklik, dan gelade. Die resepte – ook agterin die boek verskaf – is absoluut watertand. Tannie Maria word gekonfronteer met haar verlede, en die lewe en dood van haar ANC-kader-pa. Wanneer Zabanguni Kani, die “strong, black, no sugar”- politieke verslaggewer op haar motorfiets ingery kom en dringend 'n veilige hawe benodig, verander Tannie Maria se lewe onherroeplik.

'n Uiters afgeronde verhaal, soos Amarula vir die gees.

**Jonathan Amid** is 'n vryskuttaalpraktisyn en -resensent van Stellenbosch.